

Sondag 25 April

Skrifgedeelte: Kolossense 2:6-23

Fokusgedeelte: Kolossense 2:6-7

Lewe in verbondenheid met Christus is nie teoreties nie

Ons verbondenheid met Christus word vandag, en elke dag, en in elke aspek van ons lewe uitgeleef. Leerstelling en lewenswyse gaan hand aan hand. Die werklikheid dat ons, deur geloof in Christus, saam met Hom begrawe is in ons sonde, en saam met Hom opgestaan het in 'n nuwe lewe, dring ons om hierdie nuwe lewe in Christus waarlik te leef.

'n Lewe in verbondenheid met Christus is egter nie bloot rituele, wettiese godsdienstige reëls, oorgelewerde tradisie nie (vs 8, 20), maar eerder 'n lewe wat van die krag van God getuig (vs 12), wat gewortel is in Christus (vs 7), wat van dankbaarheid oorloop (vs 7), wat deur heiligheid gekenmerk word (vs 23).

Opmerklik dat vers 6 begin met: "Aangesien julle dan Jesus Christus as *Here* aangeneem het ..." Jesus Christus beklemtoon die verlossingswerk, terwyl Here (Kurios) beklemtoon dat Hy seggenskap het, dat Hy die Een is wat bepaal, dat ek aan Hom behoort. Wanneer ek Hom aanneem as Here, lê ek my wil en seggenskap neer en verbind my om alleen volgens sy wil te leef. Sy agenda vir my lewe word nou ook my agenda vir my lewe. Jy kan Hom nie as Verlosser aanneem, sonder om Hom ook as Here aan te neem nie. Geloof in Here Jesus Christus beteken dus: vrygespreek, sodat Hy in en deur my kan lewe.

Sing: Psalm 2-1:6

Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)